



## Waar is God in my lyding?

Die dag begin. ŉ Gewone dag. ŉ Gesin van vyf klim in die kar en ry deur die dorp. Die ongeluk is skielik. Dis net verwronge metaal, plastiek en bloed waar jy kyk. Drie is dood en twee ernstig beseer. Tog het die dronk bestuurder in die voortsnellende vragmotor net ŉ paar skrape opgedoen. Hoekom?

ŉ Waansinnige diktator kry beheer oor ŉ ganse nasie en miljoene ly onder sy magsmisbruik. Hoekom?

Die dokter sê, "Ek het slegte nuus," en verduidelik somber dat u kanker het.

Hoekom?

Ons hoor elke dag sulke berigte. Soms hoor ons dit tweedehands of oor die nuus, maar ander kere is dit ons eie verhaal. As ons ietwat van die skok herstel het, kan ons nie anders nie as om die mees natuurlike vraag in die wêreld te stel: As God almagtig en goed is, hoekom moet ons dan enigsins ly? Dis moeilik om aan ŉ meer ingrypende en belangriker vraag te dink. Dit is ook so dat ons almal dit vroeër of later vra.

Daar is klaarblyklik nie baie antwoorde op hierdie vraag nie. Dink ŉ bietjie daaraan. Óf God is gewillig om te keer dat slegte dinge gebeur en kán nie – dan is Hy nie almagtig nie – óf Hy kán keer dat slegte dinge gebeur, maar Hy wíl nie – dan is Hy nie goed nie. Daar is ook ŉ derde moontlikheid: God kán en wíl, maar Hy is liefde. Daar is perke wat selfs die almagtige God nie sal oorskry nie en dit is ons vrye wil.

Die Bybel leer ons die derde moontlikheid. Dit is moeilik om aan ŉ beter of meer gerusstellende antwoord te dink. Die mens se geskiedenis, soos in die Bybel aangeteken, kom hierop neer:

1. "God is liefde" (1 Johannes 4:16). Dit is die basiese, fundamentele waarheid oor wie God is.

2. Daarom, "(het) God die mens geskape na sy beeld" (Genesis 1:27). Dit beteken, God het die mens gemaak met die vermoë om soos God lief te hê – deur die beoefening van die vrye wil.

3. Die mens is met ŉ vrye wil en dus die vermoë om lief te hê, geskape. Hy het egter "gesondig en dit ontbreek hom" aan die heerlike morele posisie van sy oorpronklike skepping (Romeine 3:23).

4. Daar is egter goeie nuus: God werk aan ŉ ongelooflike reddingsplan waardeur almal wat graag wil, "deur genade gered kan word… deur geloof" (Efesiërs 2:8) – nie deur dwang nie, maar deur die oortuigende, transformerende liefde van God. Liefde is die enigste manier waarop God die kwaad en lyding kan vernietig, terwyl Hy steeds ons vrye wil en vermoë om lief te hê, verseker.

### Is dit regverdig?

Die antwoord op die vraag waarom ons ly, is ons en ander (mense) se keuse van die kwaad – in die verlede en nou. Die resultaat is lyding. Dit is nie regverdig nie. Dit is nie eers verstaanbaar nie. Sonde is – volgens definisie - onbillik, onregverdig, kwetsend en verkeerd. Dit is doodeenvoudig onmenslik. Een ding is dit egter nie: dit is nie die wil van God nie. God wil nie hê dat ons moet ly nie. Nog minder wil Hy van ons slawe of robotte maak. Om ŉ mens te wees, beteken om vry te wees en om vry te wees, beteken ons kan die goeie of die kwaad met hul gevolge kies.

Dit is 'n feit dat liefde nie sonder die vrye wil kan bestaan nie en die vrye wil laat van nature toe dat slegte keuses gemaak word. Wanneer ons dan sê, as God goed was sou Hy nooit enigiemand toelaat om homself of enigemand anders leed aan te doen nie, redeneer ons eenvoudig nie logies nie. Die teenoorgestelde is eintlik waar - juis omdat God goed is, moet Hy ons toelaat om keuses (goed en sleg) te maak en die gevolge daarvan te dra. God wil altyd hê dat ons net die goeie moet kies, maar Hy sal ons nie dwing nie. God wens nooit enigiemand kwaad of lyding toe nie. Dis wat óns doen. Lyding is die neweproduk van die mens se keuse, nie God se keuse nie. Dit is die nugtere realiteit van vryheid.

Tog is God so goed dat ons lyding Hom nie onaangeraak laat nie. Volgens die Bybel kan Hy "met ons swakhede medelye hê" (Hebreërs 4:15). Die profeet Jesaja praat van God se houding teenoor menslike pyn, "In al hulle benoudheid was Hy benoud" (Jesaja 63:9). God het elke lid van die menseras so lief dat Jesus gesê het, enigiets wat ons vir of teen iemand doen, het ons as't ware aan Hom gedoen (Matthéüs 25:41-45). God word diep geraak deur al ons lyding. Hy is bewus van al die trane wat ons stort as gevolg van die leed, angs en hartseer wat ons moet deurmaak. Koning Dawid het God se medelye besing, "My ellende het nie ongemerk by U verbygegaan nie, U het op my trane gelet. In u boek staan hulle opgeteken" (Psalm 56:8). Dit is hoe die liefde is. Dit ly saam met dié wat ly.

### God het ons pyn ervaar

Hier word die verhaal egter nog meer ongelooflik. God voel nie net ons pyn in sy hart nie, Hy het Homself letterlik in ons pyn begewe om ŉ uiteindelike ontsnap-roete vir ons te bewerkstellig. Jesus het gekom om "vir elkeen die dood (te) smaak" (Hebreërs 2:9). "Nogtans het Hý óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte — dié het Hy gedra... Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel… Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom" (Jesaja 53:4-6). Die sprekendste bewys van God se liefde te midde van ons pyn, is dat Hy dit saam met ons deurmaak. Hy los ons nie om alleen te ly nie. Wat die God van die Bybel so ontsagwekkend maak, is dat Hy na ons wêreld gekom en vrywilliglik ons lyding verduur het.

Wat daar ookal in die toekoms op u wag, u kan van twee onveranderlikes doodseker wees. Eerstens, God is liefde en Hy het u persoonlik lief. Tweedens, God sal uiteindelik alle onreg uit die weg ruim en alle wonde heel. Toe Jesus aan die kruis gely en gesterf het, het Hy bewys dat God die gevalle, lydende mensdom liewer as sy eie lewe het en Hy het verseker dat almal wat hulle geloof op Hom vestig ŉ glorieryke toekoms sal hê – volkome vry van lyding. Die belofte in die Bybel, deur Christus se kruisdood gewaarborg, is vir u: "En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan" (Openbaring 21:4).

---

Skrifaanhalings kom uit die Bybel in Afrikaans, 1953.
© Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1953.
Gebruik met toestemming.
Voorblad ©delihayat/Vetta/Getty Images

GEE LIG AAN ONS WÊRELD

**Meer oor hierdie onderwerp**

Kyk na: www.hopetv.org/glow

HopeChannel
Kyk Hope-Kanaal op u TV
0860-467-388

**Vir gratis Bybelstudies en leesstof, kontak:**

E-pos: info.glowsa@gmail.com
Tel: (011) 616-6800
GLOW, Posbus 75700, Garden View 2047, RSA
**africa.glowonline.org**